

# Iets interessants: Konstruksievariasie in die Afrikaanse en Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie – [iets][ADJ-s] as ’n gevallestudie

Adri Breed, Timothy Colleman, Anneke Butler, Monique Rabé, Suléne Pilon, Lande Botha, Maristi Partridge, Roald Eiselen en Gerhard B. Van Huyssteen

## ***Something interesting: Construction variation in the Afrikaans and Dutch partitive genitive construction – [iets][ADJ-s] as a case study***

*This study examines the variation in the partitive genitive construction in Afrikaans and Dutch. Using corpora from Afrikaans (NKK 2.2) and Dutch (OpenSoNaR discussion forums) we compare the marked (-s) and unmarked forms of adjectives following the indefinite pronoun iets. The Dutch dataset is further divided into Netherlands Dutch (NL-NL) and Belgian Dutch (NL-BE) to investigate regional differences. Data extraction was conducted using Sketch Engine (for Afrikaans) and the Decaffeinated Alpino Corpus Tool (for Dutch), with manual verification of ambiguous cases. Our findings reveal that Afrikaans strongly prefers the unmarked form. In contrast, Dutch shows significant variation: NL-NL favours the unmarked form, while NL-BE exhibits a higher frequency of the marked -s variant, sometimes in hypercorrected contexts. These results suggest a development in Afrikaans towards, while Dutch retains, constructional competition. A distinctive collostructional analysis further explores these preferences. This study highlights how constructional variation manifests across Afrikaans and Dutch.*

## **1. Inleiding**

In Nederlands en in Afrikaans is die deelsgenitiefkonstruksie<sup>1</sup> een van die min fleksiekonstruksies wat nog in beide tale voorkom, ten spyte van die feit dat beide Nederlands en (meer so) Afrikaans die Indo-Europese fleksiesistiem byna heeltemal verloor het (sien Pijpops en Van de Velde, 2016: 551, 2018: 99; Van Huyssteen, 2024: 247-248). Vergelyk in dié verband die Afrikaanse voorbeelde 1 en 2 en Nederlandse voorbeelde 3 en 4 hier onder.

1. *Dit is elke keer iets **afgrylik-s** om te sien ...*
2. *... in die hoop dat die natuurlike skagte **ietsie blink-s** sal oplewer.*
3. *... Bij mij thuis en voor mijzelf is samen eten wel **iets belangrijk-s** eigenlijk.*
4. *Plots zag ik iets **abnormaal-s** op mijn radarscherm.*

Vormlik bestaan die deelsgenitiefkonstruksie in Afrikaans en Nederlands prototipies uit 'n naamwoordstuk (NP) waarin 'n onbepaalde voornaamwoord (PN.INDEF)<sup>2</sup> as kern dien, met 'n adjektief (ADJ) wat as nabepaler optree. In beide tale word die ADJ tradisioneel gemerk met die deelsgenitiewe suffiks ·s. Die ·s-suffiks word soms in Nederlands weggelaat, maar hierdie weglating word dikwels in Nederlandse bronne afgemaak as 'n niestandaardkenmerk wat tot (die spreektaal van) die suide van die taalgebied beperk is (sien Geerts, Haeseryn, Romijn, De Rooij en Van den Toorn, 1997; Booij, 2010; Broekhuis, 2013, soos aangedui in Pijpops en Van de Velde, 2018: 100). Ook in Afrikaanse bronne word dikwels na hierdie konstruksie as 'n “versteende vorm” verwys (sien Carstens, 2003: 141) en daar word aangedui dat die ·s “altyd” voorkom (sien byvoorbeeld Van Schoor, 1983: 234 en Pistor en Müller, 2003: Deel I). Ons verwys egter doelbewus na hierdie markering as ‘tradisioneel’, aangesien die gebruik van die deelsgenitiewe ·s in beide Afrikaans en Nederlands tog nie so 'n uitgemaakte saak is nie.

Vir Nederlands dui Pijpops en Van de Velde (2018) byvoorbeeld oortuigend aan dat die voorkoms van die deelsgenitiewe ·s in Nederlands minder stabiel is as wat die literatuur voorheen aangedui het. Kotzé en Breed (2020) rapporteer 'n soortgelyke neiging in Afrikaans, waar die ·s wat die deelsgenitiewe adjektief merk, in sekere kontekste (veral in gesproke en informele taalgebruik) wegval. Van Huyssteen (2024: 247) hipotetiseer selfs dat hierdie ·s, soos die infinitiewe ·e in *iets te drink·e*, binnekort relikte in Afrikaans kan word.

Alhoewel bostaande bronne aantoon dat die proses van konstruksieverandering in die deelsgenitiewe adjektief in albei tale aan die gang is en dat konstruksievariasie waargeneem kan word, is die Afrikaanse konstruksie nog nie sistematies of empiries in 'n korpus ondersoek nie. Gevolglik is daar steeds min bekend oor hierdie konstruksie in Afrikaans. Verder is daar tot op hede nog geen studie onderneem wat die konstruksievariasie in die twee nabyverwante tale op 'n vergelykende wyse ondersoek nie. Hierdie artikel het ten doel om hierdie tweeledige leemte te ondersoek deur eerstens 'n korpusondersoek na die Afrikaanse deelsgenitiefkonstruksie uit te voer, en tweedens hierdie ondersoek só op te stel dat die konstruksievariasie in Afrikaans met dié in Nederlands vergelyk kan word. Ons doel is dus om, met behulp van 'n korpusondersoek, die omvang van konstruksievariasie in die Afrikaanse deelsgenitief te bepaal en ook te bepaal in watter mate die konstruksievariasie in die twee tale ooreenstem of verskil.

Pijpops en Van de Velde (2016, 2018) se omvattende korpusondersoek na die Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie dui 'n aantal belangrike en relevante

observasies oor die Nederlandse konstruksie aan. Nietemin is die resultate van hulle korpusondersoek nie volledig geskik vir die tweeledige doelwit van hierdie vergelykende studie nie, aangesien dit nie as 'n basis vir vergelyking met die Afrikaanse resultate gebruik kan word nie. Eerstens verskil die doelwitte van hulle studies van dié van hierdie ondersoek. Die 2016-artikel fokus hoofsaaklik op die bekendstelling van konstruksiekontaminasie, met die Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie as voorbeeld. Die 2018-artikel brei uit op die spesifieke faktore wat -s-weglatting in die Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie beïnvloed. Die datastel vir beide artikels sluit gevalle met en sonder -s in en is beperk tot 'n voorafbepaalde seleksie van ses onbepaalde voornaamwoorde en 35 adjektiewe wat dikwels in die konstruksie voorkom en dus as verteenwoordigend beskou word. Vir die onderhawige studie was dit egter noodsaaklik om 'n breër datastel saam te stel, *sonder* voorafgaande beperkings op die adjektiewe.

Tweedens het Pijpops en Van de Velde (2016, 2018) in hulle ondersoek na die Nederlandse konstruksie van die CONDIV-korpus gebruik gemaak, wat Nederlandse tekste uit Nederland en België insluit en volgens register gestratifiseer is (Grondelaers, Deygers, Aken, Van den Heede en Speelman, 2000). Hierdie korpus, met 'n totale omvang van ongeveer 45 miljoen woorde, bestaan uit kletskamergesprekke ('chat logs'), kommentare van aanlyn gespreksforums (Usenet) en elektroniese koerantberigte.

Soos reeds genoem, wys Kotzé en Breed (2020) daarop dat Afrikaanse konstruksievariasie veral in gesproke en informele Afrikaans sigbaar is. Ons ondersoek fokus daarom op die gebruik van 'n korpus wat verteenwoordigend is van informele, ongeredigeerde en spontane taalgebruik. Die NWU-Kommentaarkorpus 2.2 (NKK) (CTexT, 2023) is vir hierdie doel geskik.

Vir 'n taalvergelykende studie is dit noodsaaklik om ook 'n Nederlandse korpus met soortgelyke eienskappe te gebruik. In plaas van die Usenet-komponent van die CONDIV-korpus maak ons in hierdie studie gebruik van 'n subkorpus van die SoNaR<sup>3</sup>-korpus (Oostdijk, Reynaert, Hoste en Van den Heuvel, 2013) aangesien dit sintaktiese annotasies bevat wat meer soekmoontlikhede bied (sien afdeling 3 vir meer inligting oor die korpora en die soekprosedures wat gebruik is). Hierdie subkorpus bestaan uit ongeredigeerde gespreksforumdata uit België en Nederland, en onderskei tussen Belgies-Nederlands (NL-BE) en Nederlands-Nederlands (NL-NL).<sup>4</sup> Dit stel ons in staat om die konstruksievariasie op 'n triangulêre wyse te vergelyk: Afrikaans, NL-BE en NL-NL.

Om die geskiktheid van die korpora te bevestig, is voorlopige konkordansies van die deelsgenitiewe konstruksie in al drie die subkorpora gemaak. Die

aanvanklike soektog het getoon dat die konstruksie frekwent in al drie tale voorkom, met *iets* as die algemeenste voornaamwoord in hierdie konstruksie. Vir die doeleindes van hierdie studie fokus ons dus op die [iets][ADJ-s]-konstruksie.

Hierdie afbakening bied twee verdere voordele: Eerstens is *iets* vormlik dieselfde in al drie tale (anders as byvoorbeeld *niks* in Afrikaans en *niets* in Nederlands) en tweedens is daar genoeg voorbeelde van die [iets][ADJ-s]-konstruksie in al drie subkorpora om 'n vergelykende analise moontlik te maak. Vervolgens stel ons die volgende navorsingsvrae:

- Wat is die frekwensie van die [iets][ADJ-s]-konstruksie in ongeredigeerde Afrikaanse en Nederlandse korpora?
- Watter ADJ'e kom in die [iets][ADJ-s]-konstruksie voor?
- Watter van hierdie ADJ'e kom ook in die ongemerkte vorm in die [iets][ADJ]-konstruksie voor?
- Watter variant (gemerk of ongemerk) van die ADJ kollokeer die sterkste met *iets* in die [iets][ADJ]-konstruksie?
- Hoe vergelyk die bevindinge uit die Afrikaanse korpusondersoek met dié uit die Nederlandse korpusondersoek?

Om hierdie vyf navorsingsvrae te beantwoord, is die artikel soos volg gestruktureer: Afdeling 2 bespreek die belangrikste teoretiese vertrekpunte met betrekking tot konstruksieverandering, afdeling 3 beskryf die korpusondersoek en die metodologie, en samevattende opmerkings word in afdeling 4 gegee.

## 2. Teoretiese vertrekpunte

In konstruksiegrammatika word taalverandering beskryf in terme van konstruksionalisering. 'Konstruksionalisering' is die geleidelike stap-vir-stap-proses waardeur 'n opeenvolgende reeks klein (prekonstruksionele) konstruksieveranderinge uiteindelik aanleiding gee tot die vestiging van 'n nuwe konstruksie (Traugott en Trousdale, 2013: 22; Traugott, 2021). Konstruksionalisering word primêr gestu deur die kognitiewe prosesse analogisering en neoanalise.

'Analogisering' dui op 'n proses van patroonpassing en kategorisering (Traugott en Trousdale, 2013: 37-39). Dit beteken dat 'n taalgebruiker analogiese denke gebruik om ooreenkomste tussen een of meer konstruksies te identifiseer ten einde 'n nuwe konstruksie te vorm. So byvoorbeeld is *iets verkeerd*-s in 5 hier onder 'n voorbeeld van die deelsgenitiefkonstruksie:

Die adjektief *verkeerd* is 'n nabepaler in die naamwoordstuk met die voornaamwoord *iets* as kern. In hierdie konstruksie word die adjektief dan normaalweg met 'n -s-suffiks gemarkeer. In 6, daarenteen, is *verkeerd* 'n bywoord wat die werkwoord *verstaan* bepaal, en *iets* is die objek van *verstaan*. Daar is dus 'n vormlike ooreenkoms – 'n analogie – tussen die twee konstruksies: *iets* word gevolg deur 'n vormlik identiese adjektief/adverbium, in hierdie geval *verkeerd*. Hierdie twee gevalle is egter glad nie van dieselfde aard nie. Die gevolg van hierdie analogiseringsproses word geïllustreer in 7, waar die deelsgenitiewe -s by *verkeerd* in die deelsgenitiefkonstruksie weggelaat word (sien ook Pijpops en Van de Velde 2016 se bespreking van konstruksiekontaminasie in die Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie, 'n proses wat spesifiek deur sulke vormlik identiese konstruksies ontlok word).

5. *Ek het mos nie iets verkeerds gesê nie.*<sup>5</sup>
6. *... ek dink julle lesers verstaan iets verkeerd.*
7. *... ek tel nie gewig op as ek dalk iets verkeerd eet nie.*

'Neoanalise' (Traugott en Trousdale, 2013: 35-37) is 'n proses waardeur 'n bestaande konstruksie herinterpreteer word. Hierdie herinterpretasie lei tot die ontstaan van 'n nuwe konstruksie, gebaseer op die oorspronklike konstruksie, maar met 'n verandering in vorm, betekenis of funksie. So byvoorbeeld word die Afrikaanse setselstuk *om verskoning* dikwels geanaliseer as 'n naamwoord in plaas van 'n setselstuk, wat dan lei tot die skryfwyse *?omverskoning*, tot dié mate dat daar toenemend *?onverskoning* voorkom.

8. *Daar is nooit hiervoor om verskoning gevra nie.*
9. *Op sosiale media maak mense uitlatings en vra vinnig genoeg omverskoning ...*
10. *Ek sterf eerder voordat ek onverskoning vra ...*

Konstruksionalisering is tipies die resultaat van 'n opeenvolgende reeks klein veranderinge (Traugott, 2021). Daar is in bestaande literatuur nog geen aanduiding van wanneer presies konstruksionalisering plaasvind nie en konstruksieveranderinge wat wel waarneembaar is, word algemeen beskou as pre- en postkonstruksionaliseringskonstruksieveranderinge ('pre-/post-constructionalization constructional changes') (Traugott en Trousdale, 2013: 27; Traugott, 2021). Hierdie konstruksieveranderinge word deur Traugott (2021) gedefinieer as "[m]odulations of contextual uses prior to and following constructionalization". Die fases waarin hierdie veranderinge plaasvind word

voortaan in ooreenstemming met Traugott (2021) prekonstruksionalisering en postkonstruksionalisering genoem.

Prekonstruksionalisering sluit in veranderinge of tendense wat konstruksionalisering voorafgaan. Prekonstruksionalisering is egter nie noodwendig bepalend nie; dit beteken dus nie dat konstruksionalisering noodwendig gaan plaasvind nie, maar hierdie veranderinge kan moontlik aanleiding gee tot konstruksionalisering (Traugott, 2021). Dit is egter belangrik om te benadruk dat die bestaan van prekonstruksionalisering slegs bevestig kan word nadat konstruksionalisering plaasgevind het (sien Börjars, Vincent en Walkden, 2015: 372 vir kritiese bedenkinge oor hierdie onderskeid tussen konstruksionalisering en prekonstruksionalisering). Indien konstruksionalisering nooit plaasvind nie, kan hierdie veranderinge nie as prekonstruksionele veranderinge beskou word nie. Prekonstruksionele veranderinge sluit in (sien Noël en Coleman, 2021: 2; Traugott en Trousdale, 2013: 27; Traugott, 2021, 2022):

- 'n neoanalise van struktuur en 'n verlies aan komposisionaaliteit binne 'n konstruksie, wat lei tot 'n afname in die toeganklikheid van die betekenis van 'n konstruksie;
- 'n uitbreiding van pragmatiese eienskappe;
- die semantisering van pragmatiese eienskappe (soos by subjektivering en intersubjektivering);
- (die ontstaan van) 'n onenigheid tussen vorm en betekenis; en
- klein spreidingsveranderinge (dit is hoe konstruksies se gebruik ingeperk of uitgebrei kan word op die semantiese of sintaktiese vlak, of frekwensieveranderinge).

Postkonstruksionalisering is 'n proses van aktualisering (Traugott, 2021). Dit is met ander woorde 'n proses van propagering oor linguistiese kontekste heen. Postkonstruksionele veranderinge is ook meer gelokaliseerd as in die geval van prekonstruksionalisering. Hierdie veranderinge sluit in (sien Noël en Coleman, 2021: 2; Traugott en Trousdale, 2013: 27; Traugott, 2021, 2022):

- kollokasionale uitbreiding waar die verandering versprei na nuwe onmiddellike omgewings;
- morfologiese en fonologiese reduksie;
- 'n toename of afname in gebruiksfrekwensie;
- 'n verdere verlies aan komposisionaaliteit waar die betekenis van dele minder duidelik word;

- 'n verlies aan analiseerbaarheid binne 'n konstruksie – dele word dus nie net minder duidelik nie, maar ook minder onderskeibaar;
- veralgemening oor mikrokonstruksies en 'n belyning met ander mikrokonstruksies wat kan lei tot inkorporering onder 'n meer abstrakte skematiese tipe-node;
- die uitbreiding van die skema en 'n toename in tipe-produktiwiteit; en
- voortdurende gebruik van prekonstruksionele kontekste en veral die belyning met 'n skema kan daartoe lei dat die konstruksie 'n beter passing kry binne die skema en dat dit van 'n perifere lid tot 'n sentrale lid verander.

Konstruksieveranderinge lei tot konstruksievariasie en hierdie konstruksievariasie skep kompetisie tussen variërende konstruksies (sien byvoorbeeld Goldberg, 2019 wat hierdie kwessie uitvoerig bespreek). Sodanige kompetisie kan uiteindelik lei tot konstruksionalisering as die nuwe konstruksie gevestig raak en die ander een in onbruik verval, of die twee naas mekaar bly bestaan (met of sonder 'n voorkeurvorm). Konstruksieveranderinge wat aanleiding gee tot klein variasies wat vorm en betekenis betref, lei egter nie in alle gevalle noodwendig tot konstruksionalisering nie (Traugott, 2021).

Die variasie met betrekking tot die genitiewe *-s* by *iets*, wat op verskillende maniere in Afrikaans en Nederlands aanwesig is, dui op 'n konstruksieverandering wat in albei hierdie tale aan die werk is. Hierdie verandering het waarskynlik te make met die proses van fleksieverlies wat al dikwels in beide Afrikaans en Nederlands beskryf is (vergelyk byvoorbeeld Pijpops en Van de Velde, 2018: 99 en Van Huyssteen, 2024). In Afrikaans word geen genitiefkonstruksie boonop meer morfologies gerealiseer nie, en besitting kan slegs deur 'n perifrastiese konstruksie met die genitiefpartikel *se* aangedui word (sien byvoorbeeld 11).

#### 11. ... hulle is seker nie meer welkom in Wimpie se huis nie.

So gesien sou die weglating van die genitiewe *-s* beskryf kon word as 'n postkonstruksionele verandering, aangesien fleksieverlies – asook die konstruksionalisering wat plaasgevind het met betrekking tot die genitiefkonstruksie – nou kennelik na 'n nuwe konteks (die deelsgenitiewe konstruksie) en na nuwe mikrokonstruksies (spesifieke adjektiewe) uitbrei. 'n Volledige korpusondersoek van die Afrikaanse en Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie moet egter uitgevoer word om vas te stel wat die presiese aard en omvang van die konstruksieverandering is.

### 3. Korpusondersoek

In hierdie studie maak ons gebruik van ongeredigeerde datastelle in die vorm van aanlyn forums en kommentaar op nuusartikels. Die onderliggende aanname is dat die voorkoms van die konstruksievariasie akkurater gereflekteer sal word in ongeredigeerde teks, soos dit deur die breër publiek gebruik word, eerder as geredigeerde teks, soos koerantberigte of literêre werke. Die gebruik van forums en kommentaar beteken ook dat 'n groter groep skrywers se gebruik ondersoek kan word, en dat daar nie slegs 'n beperkte stel professionele skrywers se werk in ag geneem word nie. Die gebruik van meer informele en ongeredigeerde teks word ook ondersteun deur Pijpops en Van de Velde (2016, 2018), sowel as Kotzé en Breed (2020), wat aandui dat die voorkoms van die ongemerkte vorm meer gereedelik in informele tekste voorkom.

Op grond van hierdie data onttrek ons beskrywende statistieke om die voorkoms van die konstruksie, sowel as die verskillende ADJ'e wat in die konstruksie voorkom, te bespreek. Laastens ondersoek ons die voorkeur van die gemerkte of ongemerkte variant op grond van 'n onderskeidende kolleksieemanalise (Gries en Stefanowitsch, 2004; Gries, 2022) om te bepaal hoe die konstruksievariasie in Afrikaans en Nederlands op ADJ-vlak vergelyk.

Soos vroeër genoem, gebruik ons vir hierdie vergelykende studie die NKK vir Afrikaans en die OpenSoNaR: gespreksforums ('Discussion Lists') vir Nederlands (Oostdijk *et al.*, 2013). Ons ondersoek ook die moontlikheid dat die Nederlandse konstruksie op verskillende maniere variasie vertoon in NL-NL en NL-BE onderskeidelik. Daarom verdeel ons die SoNaR-korpus tussen forums wat in Nederland geskryf is en dié van Belgiese oorsprong. 'n Opsomming van die omvang van die onderskeie korpora word in Tabel 1 gegee.

Die NKK is saamgestel uit kommentaargedeeltes van twee webwerwe, waarvan die oorgrote meerderheid data afkomstig is van 'n Afrikaanse aanlyn koerant en streek van 2014 tot 2023. 'n Kleiner deel is versamel uit 'n satiriese nuusblad tussen 2000 en 2023.<sup>6</sup> Hoewel die oorsprong en moontlik ook die aard van hierdie bronne verskil, word geen onderskeid tussen die onderskeie afdelings van die NKK gemaak nie.

Naam	Taal/Variëteit	Tekseenhede	Jare
NKK 2.2	Afrikaans (AF)	51 693 425	2000-2023
SoNaR: forums	Nederlands-Nederlands (NL-NL)	11 391 992	2002-2009
SoNaR: forums	Belgies-Nederlands (NL-BE)	45 678 562	2002-2009

Tabel 1: Omvang van die NKK 2.2 en OpenSoNaR: gespreksforums.

Soektogte in die NKK is met behulp van Sketch Engine (Kilgarriff, Baisa, Bušta, Jakubíček, Kovář, Michelfeit, Rychlý en Suchomel, 2014) uitgevoer. Konkordansielyne is verkry deur alle gevalle van die voornaamwoorde *iets* en *ietsie* te onttrek. Hoewel die NKK outomaties van woordsoortetikette voorsien is, is die etikettering van woorde wat op die voornaamwoord *iets* volg, nie altyd akkuraat nie. Gevolglik is adjektiewe wat met die deelsgenitiewe suffiks *-s* gemerk is en ná *iets* voorkom, handmatig geïdentifiseer en onttrek. 'n Lys van hierdie adjektiewe is opgestel, en 'n konkordansielys van *iets(ie)* saam met die ongemerkte vorme is onttrek en handmatig nagegaan om te verseker dat *iets* wel deur 'n adjektief (en nie 'n bywoord nie) gevolg word. Die Nederlandse data is verkry uit die sintakties geannoteerde weergawe van SoNaR, Lassy Groot (Van Noord, Bouma, Van Eynde, De Kok, Van der Linde, Schuurman, Tjong Kim Sang en Vandeghinste, 2013), met behulp van die Decaffeinated Alpino Corpus Tool (DACT). Sien die Bylaag vir die soektogte wat uitgevoer is.<sup>7</sup>

Eerstens is gesoek na alle sinne waarin die lemma *iets* as die kern van 'n naamwoordstuk funksioneer en gevolg word deur 'n willekeurige woord wat as 'n adjektief geëtiketteer is en in 'n bepalerverhouding tot *iets* staan (Soektog 1). Handmatige analise van die resultate het getoon dat hierdie soektog wel doeltreffend was in die opsporing van die gemerkte *-s*-konstruksie, maar nie betroubaar voorbeelde met 'n ongemerkte adjektief kon identifiseer nie. Die rede hiervoor is dat hierdie adjektiewe nie konsekwent as bepalers van die naamwoordstuk se kern in die outomatiese sintaktiese analise herken is nie. Daarom is 'n aanvullende soektog uitgevoer om alle sinne te identifiseer waarin die lemma *iets* die subjek of objek van die sin is, gevolg deur 'n willekeurige woord wat as 'n adjektief geëtiketteer is, en wat in die outomatiese sintaktiese analise (verkeerdelik) as 'n bepaler van die werkwoord geëtiketteer is (Soektog 2).<sup>8</sup> Hierdie tweede soektog het meer irrelevante resultate opgelewer as die eerste, maar het wel daarin geslaag om 'n aanvaarbare aantal voorbeelde van die konstruksie met 'n ongemerkte adjektief te vind.

Die resultate van hierdie twee soektogte is handmatig nagegaan. Gevalle soos 12 waar die adjektief duidelik as 'n bywoord gebruik word (*vlugger* bepaal hier eerder *durven zeggen* as *iets*), is uit die data verwyder. Gevalle soos 13 is dubbelsinnig, aangesien dit óf 'n voorbeeld van die ongemerkte deelsgenitiefkonstruksie kan wees ('iemand doen iets wat verkeerd is') óf 'n geval waar *fout* as bywoord optree ('iemand doen iets op 'n verkeerde manier'). Sulke gevalle is slegs in die datastel opgeneem indien die spesifieke kombinasie van werkwoord, voornaamwoord en adjektief ook minstens een keer in die gemerkte vorm in die korpus voorkom (soos in hierdie geval, waar *iets fouts doen* ook in die korpus aangetref word). Hierdie prosedure vir die insluiting van dubbelsinnige gevalle word ook deur Pijpops en Van de Velde (2018) gebruik.

12. *ja hier ga je mss<sup>9</sup> al eens iets vlugger durven zeggen, maar ik moet toegeven dat ik in het echt ook wel mijn mening geef, maar mss iets minder dan ....*
13. *en als je op zulke wijze behandelt word als je iets fout doet kweet niet hoor heb daar zo sterk men bedenkingen bij<sup>10</sup>*

Hierdie stappe het tot die samestelling van twee bruikbare datastelle vir die studie gelei: 'n datastel met 1 487 deelsgenitiefkonstruksies vir Nederlands-Nederlands (NL-NL) en 2 742 deelsgenitiefkonstruksies vir Belgies-Nederlands (NL-BE).

In die data was daar ook 'n klein aantal sinne (12 in die Belgiese en een in die Nederlandse data) waarin die adjektief met -s gemerk was, ondanks die feit dat dit duidelik as 'n bywoord gebruik is. 'n Voorbeeld hiervan is 14: dit gaan nie oor *iets wat fout is* wat "in die beslissingsproses gegaan het" nie, maar oor *iets wat fout gegaan het* in die beslissingsproses. Dit is 'n interessante geval van hiperkorreksie: Soms voeg Belgiese sprekers, veral dié wat die prestigevariëteit wil gebruik, die -s selfs in gevalle by waar dit eintlik nie hoort nie. Hierdie tipe voorbeelde is eweneens uit die data verwyder.

14. *Op basis wat ik in de Morgen gelezen heb, is er toch iets fouts gegaan in het beslissingsproces over welk project er nu moet gekozen worden.*

Tabel 2 hier onder toon die frekwensies van die konstruksie in die drie tale/variëteite en gee 'n opsomming van die frekwensies van die onbepaalde voornaamwoorde *iets* en *ietsie*. Eerstens word die rou frekwensie getoon, ongeag die konteks, en daarna die voorkoms in die relevante konstruksie – beide met en sonder die deelsgenitiewe -s – asook die aantal gevalle waar die adjektief op /s/ eindig, waar die deelsgenitiewe -s eweneens nie van toepassing is nie.

	PN	[PN][ADJ-*]	[PN][ADJ-s]	[PN][ADJ-Æ]	[PN][ADJ op /s/]
<b>AF <i>iets</i></b>	61 481	5 450 (.0886)	2 582 (.0420‡)	2 481 (.0404)	387 (.0063)
<b>AF <i>ietsie</i></b>	868	86 (.0991)	35 (.0403)	49 (.0565)	2 (.0023)
<b>NL-NL <i>iets</i></b>	16 424	2 297 (.1399)	1 464 (.0891)	22 (.0013)	811 (.0494)
<b>NL-BE <i>iets</i></b>	57 919	4 923 (.0850)	2 172 (.0375)	555 (.0096)	2 196 (.0379)

Tabel 2: Die absolute en relatiewe frekwensies van IETS in Afrikaans (AF), Nederlands-Nederlands (NL-NL) en Belgies-Nederlands (NL-BE) in die onderskeie korpora.

Uit die basiese frekwensies van die konstruksie, soos in Tabel 2 aangedui, blyk dit duidelik dat *iets* baie meer gereeld gebruik word as die verkleiningsvorm *ietsie*. Daar is egter geen wesenlike verskil in die relatiewe gebruiksfrekwensie van hierdie twee vorme in Afrikaans nie. 'n  $\chi^2$ -toets<sup>12</sup> bevestig statisties dat die verskil nie beduidend is nie ( $\chi^2 = 2,87$ ;  $p = 0,09$ ). Daarom word *ietsie* en *iets* in alle verdere analyses saam as vorme van die lemma IETS hanteer.

Daar is wel 'n duidelike verskil in die frekwensie van die konstruksie se gebruik tussen Afrikaans (AF), Nederlands-Nederlands (NL-NL) en Belgies-Nederlands (NL-BE), beide in die gemerkte en ongemerkte ( $\emptyset$ ) vorm. Dit word verder ondersteun deur statisties beduidende verskille tussen die variëteite.

- AF en NL-NL ( $\chi^2 = 1107,1476$ ;  $p < 1 \times 10^{-5}$ )
- AF en NL-BE ( $\chi^2 = 620,5896$ ;  $p < 1 \times 10^{-5}$ )
- NL-NL en NL-BE ( $\chi^2 = 289,8084$ ;  $p < 1 \times 10^{-5}$ )

Die frekwensieverskil tussen NL-NL en NL-BE is om twee redes opvallend: Eerstens kom die ongemerkte konstruksie ses keer meer gereeld in NL-BE voor as in NL-NL. Tweedens is die proporsionele gebruik van die konstruksie in NL-BE byna die helfte soveel as in Nederlands soos dit in Nederlandse forums voorkom. In AF kom die konstruksie byna so gereeld voor as in NL-NL, maar die proporsie ongemerkte adjektiewe in die konstruksie is aansienlik hoër as in enige van die twee Nederlandse variëteite.

Vir ons analise en bespreking neem ons slegs adjektiewe in ag wat nie op /s/ eindig nie (byvoorbeeld *skaars*), aangesien hierdie vorme nie onderskeibaar is van 'n gemerkte adjektief nie. In AF is daar 216 verskillende adjektiewe wat aan hierdie kriteria voldoen, in NL-NL 299, en in NL-BE 393. Tabel 3 dui die 20 frekwentste adjektiewe aan wat in die gemerkte deelsgenitiefkonstruksie in elk van die drie korpora voorkom.

	AF		NL-NL		NL-BE	
	ADJ in gemerkte konstruksie	n	ADJ in gemerkte konstruksie	n	ADJ in gemerkte konstruksie	n
1	goed	312	dergelijk	215	dergelijk	232
2	positief	278	leuk	175	nieuw	182
3	nuut	244	nieuw	104	speciaal	142
4	daadwerklik	148	lekker	65	mooi	80
5	soortgelyk	144	mooi	38	goed	68

6	dergelik	138	positief	32	zinnig	65
7	beter	94	bijzonder	32	leuk	57
8	besonder	69	zinnig	29	nuttig	56
9	verkeerd	64	spesiaal	27	positief	56
10	verskriklik	59	soortgelyk	25	gelykaardig	55
11	groot	56	ernstig	24	beter	48
12	negatief	56	goed	19	slecht	38
13	konstruktief	50	raar	18	erg	33
14	mooi	48	vergelijkbaar	16	verkeerd	32
15	vreeslik	47	spannend	13	deftig	31
16	klein	46	persoonlik	13	origineel	29
17	sleg	45	belangryk	13	soortgelyk	26
18	lelik	41	vervelend	12	persoonlik	25
19	produktief	27	nuttig	12	klein	24
20	nuttig	24	verkeerd	11	interessant	24

Tabel 3: Die 20 frekwentste adjektiewe (wat nie op /s/ eindig nie) in die gemerkte deelsgenitiefkonstruksie vir AF, NL-NL en NL-BE.

Uit die tabel blyk dit duidelik dat die gebruik van adjektiewe in die deelsgenitiefkonstruksie merkbaar tussen die drie tale verskil. Daar is byvoorbeeld slegs sewe ooreenstemmende adjektiewe uit die boonste 20 in al drie tale: *goed*, *positief*, *nuut*, *soortgelyk*, *dergelik*, *mooi* en *nuttig*. Selfs tussen die twee Nederlandse variëteite is daar net 11 ooreenstemmende adjektiewe, wat dui op 'n noemenswaardige verskil in die adjektiewe wat die meeste in die deelsgenitiefkonstruksie gebruik word.


Die volledige lys van adjektiewe wat in die gemerkte vorm voorkom, dien ook as basis vir die dataonttrekking van die ongemerkte vorme in Afrikaans. Hierdie data word in die volgende afdeling ontleed om te bepaal of spesifieke adjektiewe 'n voorkeur toon vir die gemerkte of ongemerkte vorm in die konstruksie.

### 3.1. Gemerkte teenoor ongemerkte adjektiewe

Om die omvang van die moontlike konstruksievariasie in die onderskeie tale te bepaal, is die soektog uitgebrei om die voorkoms van alle [iets][ADJ]-konstruksies te onttrek. In totaal is daar 5 147 relevante gevalle vir AF, waarvan 2 617 (50,85%) die gemerkte vorm het en 2 530 (49,15%) die ongemerkte

vorm het. In die NL-NL-data is daar 1 486 relevante gevalle, met slegs 22 wat die ongemerkte vorm het (1,48%). Van die 2 727 relevante gevalle in die NL-BE-data is daar 555 ongemerkte gevalle (20,35%).

Die data in Tabel 2 (sien ook Figuur 1 hier onder vir 'n visuele voorstelling) toon duidelik dat die verlies van die deelsgenitiewe vorm in die [iets][ADJ]-konstruksie baie selde in die NL-NL-data voorkom, selfs in meer informele gespreksforums. In NL-BE is dit egter merkbaar algemener, soos ook bevestig deur Pijpops en Van de Velde (2018). In AF is die spreiding bykans identies, wat dus 'n sterker parallel met die NL-BE-patroon aandui.



Figuur 1: Proporsionele verdeling van gemerkte en ongemerkte konstruksies in AF, NL-NL en NL-BE.

Die ongemerkte konstruksie is nie heeltemal afwesig in die NL-NL-data nie (sien 15 en 16 hier onder as voorbeelde), maar dit is duidelik 'n opvallender opsie. Aangesien daar so min gevalle van die ongemerkte variant in die NL-NL-data is, sluit ons nie hierdie variëteit by verdere analyses in nie.

15. *Sinds enkele weken ervaar ik iets raar ter hoogte van mijn bovenste buikspieren.*
16. *Overigens, in het weekend struinen wij altijd in de natuur (lopend of per fiets) rond of we gaan [iets leuk doen met vrienden en kinderen].*

Ons kan ook uit hierdie data sien dat die ongemerkte vorm in die deelsgenitief-konstruksie vir AF baie meer gereeld voorkom as in NL-BE. Die gemerkte


konstruksie het wel nog nie heeltemal in AF in onbruik verval nie, en dit blyk op die oog af dat die keuse tussen die gemerkte en ongemerkte vorm afhanklik is van die spesifieke adjektief wat gebruik word. Die 20 frekwentste adjektiewe vir elk van die tale, oor die twee variante van die konstruksie saam, word in Tabel 4 gelys.

AF			NL-BE		
ADJ	Frekwensie		ADJ	Frekwensie	
	∅	·s		∅	·s
goed	250	312	dergelijk	6	232
positief	229	278	nieuw	19	182
verkeerd	369	64	speciaal	31	142
nuut	85	244	goed	62	68
beter	145	94	verkeerd	88	32
daadwerklik	87	148	mooi	12	80
soortgelyk	78	144	nuttig	18	56
dergelik	5	138	leuk	13	57
reg	137	1	positief	10	56
groot	68	55	zinnig	0	65
negatief	51	56	gelijkaardig	0	55
mooi	48	48	beter	3	48
sleg	50	45	slecht	7	38
verskriklik	35	59	deftig	10	31
konstruktief	42	50	fout	28	11
lelik	42	41	erg	4	33
klein	28	46	origineel	4	29
erger	54	16	interessant	7	24
vreeslik	23	47	negatief	7	22
besonder	0	69	persoonlijk	2	25

Tabel 4: Die 20 frekwentste ADJ'e wat saam met IETS voorkom, beide met en sonder die deelsgenitiewe ·s.

Wanneer ons die data tussen AF en NL-BE vergelykend analiseer, is daar ook 'n aanduiding van hoe hierdie konstruksievariasie in die onderskeie tale voorkom. Figuur 2 toon die proporsionele verdeling van gemerkte teenoor ongemerkte vorme vir adjektiewe wat in beide AF en NL-BE voorkom. In twee

gevalle, naamlik *dergeli(j)k* en *goed*, is die verspreiding byna identies. Verder is *goed* die enigste geval waar NL-BE 'n hoër proporsionele voorkeur vir die ongemerkte vorm het as AF.



Figuur 2: Proporsionele verdeling van gemerkte en ongemerkte vorme van ADJ wat in beide AF en NL-BE voorkom.

Alhoewel daar steeds 'n redelike verskil tussen die twee taalvariëteite is, is dit ook opmerklik dat NL-BE die ongemerkte vorm van *verkeerd* baie meer gebruik as die gemerkte vorm, soortgelyk aan AF. So ook verkies AF die gemerkte vorm van *nuut* relatief meer as die ongemerkte vorm, wat grotendeels in teenstelling is met ander adjektiewe. Die grootste verskil tussen die twee tale is in die gebruik van *beter*, waar NL-BE in die meerderheid van die gevalle die gemerkte vorm gebruik, terwyl AF dit slegs in ~40% van gevalle gebruik.

Vir AF en NL-BE is daar genoegsame voorlopige bewyse dat sommige adjektiewe moontlik een van die twee vorme verkies. Hierdie hipotese word getoets deur middel van 'n onderskeidende kolleksieanalise, uitgevoer met behulp van Gries (2022) se Coll.analysis 4.0-skrip vir elke taal. Die analise bepaal statisties of 'n spesifieke adjektief 'n voorkeur vir die gemerkte of ongemerkte vorm toon.

Kyk ons eerstens na die kolleksieanalise vir AF (sien Tabel 5 hier onder),

is daar twaalf adjektiewe wat 'n beduidende voorkeur vir die gemerkte variant toon, waarvan ses 'n baie sterk voorkeur het, naamlik *dergelik*, *besonder*, *nuut*, *soortgelyk* en *daadwerklik* ( $p < 0,001$ ). Daarteenoor toon 13 adjektiewe 'n beduidende voorkeur vir die ongemerkte variant, met sewe wat 'n besonder sterk voorkeur het, naamlik *verkeerd*, *reg*, *ekstra*, *erger*, *beter*, *noemenswaardig* en *opbouend*. Dit blyk verder dat die komparatiewe vorm van 'n adjektief oor die algemeen 'n voorkeur vir die ongemerkte variant het, byvoorbeeld *erger*, *beter*, *groter* en *minder*. Buiten die statisties beduidende gevalle in Tabel 3 kom komparatiewe adjektiewe in AF oor die algemeen meer gereeld in die ongemerkte vorm voor.

Voorkeur vir die ongemerkte variant				Voorkeur vir die gemerkte variant			
<i>Adjektief</i>	$\emptyset$	$\cdot S$		<i>Adjektief</i>	$\emptyset$	$\cdot S$	
verkeerd	369	64	***	dergelik	5	138	***
reg	137	1	***	besonder	0	69	***
ekstra	26	0	***	nuut	85	244	***
erger	54	16	***	soortgelyk	78	144	***
beter	145	94	***	daadwerklik	87	148	***
noemenswaardig	11	0	***	yslik	1	14	***
opbouend	25	6	***	produktief	9	27	**
groter	34	17	*	vreeslik	23	47	**
werklik	10	2	*	goed	250	312	*
sinvol	41	24	*	verskriklik	35	59	*
ernstig	38	21	*	gruwelik	2	10	*
minder	7	1	*	onwettig	11	24	*
wit	7	1	*				

Tabel 5: Resultate van 'n onderskeidende kolleksieemanalise vir [iets][ADJ] in AF vir adjektiewe met 'n statisties beduidende voorkeur in die deelsgenitiefkonstruksie.

Tabel 6 bied die kolleksieemanalisesresultate vir NL-BE. Hier sien ons dat ses adjektiewe 'n sterk voorkeur vir die gemerkte variant toon, waarvan *dergelyk*, *zinnig*, *nieuw*, *gelijkaardig*, *soortgelyk* en *beter* 'n besonder sterk voorkeur het. Daarteenoor toon 13 adjektiewe 'n beduidende voorkeur vir die ongemerkte variant, met sewe wat 'n besonder sterk voorkeur het. Veral *verkeerd*, *goed* en *fout* verkies baie duidelik die ongemerkte vorm.

Dit is ook opvallend dat baie van die adjektiewe wat 'n voorkeur vir die ongemerkte variant toon, ook gereeld as bepalers van werkwoorde voorkom,

dit wil sê in adverbiale gebruik (byvoorbeeld *iets verkeerd/goed/fout lezen, uitspreken, opvatten, aanpakken*, ensovoorts). Hierdie resultate stem groten-deels ooreen met die bevindinge van Pijpops en Van de Velde (2016) oor konstruksiekontaminasie en kan moontlik verklaar word deur die proses van analogisering: Taalgebruikers gebruik die ongemerkte variant na analogie van die bestaande adverbiale gebruik, aangesien die vormlike ooreenkoms tussen die konstruksies sulke uitbreiding fasiliteer.

Dat die kolleksieanalise vir NL-BE meer adjektiewe met 'n beduidende voorkeur vir die ongemerkte variant as vir die gemerkte konstruksie identifiseer, is nie verrassend nie in die lig van die algemene verspreiding tussen die twee variante. Hierdie verspreiding verskil aansienlik van AF, waar die verhouding andersom is. Vir 'n adjektief om as kenmerkend van die gemerkte konstruksie beskou te word, moet dit dus veel meer in die gemerkte konstruksie voorkom as wat op grond van hierdie algemene verhouding ver wag sou word. In AF is hierdie tendens egter reeds omgekeer.

Voorkeur vir die ongemerkte variant				Voorkeur vir die gemerkte variant			
Adjektief	∅	·s		Adjektief	∅	·s	
verkeerd	88	32	***	dergelijk	6	232	***
fout	28	9	***	zinnig	0	65	***
goed	62	68	***	nieuw	19	182	***
slim	7	1	***	gelijkaardig	0	55	***
extra	7	3	***	soortgelijk	0	26	*
fatsoenlijk	10	8	**	beter	3	48	*
juist	3	0	**				
sexy	3	0	**				
tof	5	3	*				
onmenselijk	3	1	*				
specifiek	3	1	*				
kinky	2	0	*				
live	2	0	*				

Tabel 6: Resultate van 'n onderskeidende kolleksieanalise vir [iets][ADJ] in NL-BE vir adjektiewe met 'n statisties beduidende voorkeur in die deelsgenitiefkonstruksie.

Wanneer ons die verskynsel vergelykend tussen AF en NL-BE ondersoek, word die patrone wat in die proporsionele figuur sigbaar was, ook hier

bevestig. Daar is duidelike ooreenkomste, soos by *nuut/nieuw*, *soortgelyk/soortgelyk* en *dergelik/dergelyk*, wat in beide tale die gemerkte variant verkies, asook by *verkeerd*, *reg/juis* en *ekstra/extra*, wat in beide tale die ongemerkte variant verkies. Daar is egter ook verskille tussen die tale, soos in die geval van *goed*, wat in AF die gemerkte variant verkies, terwyl dit in NL-BE eerder die ongemerkte variant verkies.

Die verskil in voorkeur vir *goed* suggereer moontlik dat konstruksiekontaminasie in AF 'n minder belangrike faktor is as in NL, maar om hierdie hipotese te bevestig, sou 'n multifaktorondersoek nodig wees, wat buite die bestek van hierdie studie val. Nog 'n interessante verskil is dat daar in NL-BE geen komparatiewe vorme onder die kolleksame van die ongemerkte variant voorkom nie. Trouens, die enigste (atipiese) komparatiewe adjektief in Tabel 6 is *beter*, wat 'n sterk voorkeur vir die gemerkte variant toon. In AF is die patroon anders, aangesien komparatiewe vorme oor die algemeen 'n voorkeur vir die ongemerkte variant toon.

Nog 'n opvallende verskil in die NL-BE-data is die voorkoms van Engelse adjektiewe onder die distinktiewe kolleksame van die ongemerkte variant, naamlik *sexy*, *kinky* en *live*. In die AF-data is daar geen Engelse leenwoorde wat 'n beduidende voorkeur getoon het nie. Dit is 'n nuwe bevinding vir Nederlands: Die klein steekproef van adjektiewe wat Pijpops en Van de Velde (2016, 2018) in hulle empiriese ondersoek gebruik het, het geen Engelse leenwoorde bevat nie. Dit is moontlik dat die voorkeur vir die variant sonder *-s* fonologies gemotiveer is: *sexy* en *kinky* eindig op 'n konsonantletter, terwyl *live* eindig op /v/, wat nie maklik met 'n *-s*-suffiks kombineer nie (al sou baie Nederlandssprekendes dit as [f] uitspreek).

Uit die kolleksaamreekse in Tabel 5 en Tabel 6 sien ons dat daar ongeveer ewe veel verskille as ooreenkomste is tussen AF en NL-BE ten opsigte van die voorkeur vir die gemerkte en ongemerkte vorm van die ADJ. Dit dui daarop dat die voorkeur vir die gemerkte of ongemerkte vorm in AF en NL-BE waarskynlik deur gedeeltelik verskillende faktore bepaal word. Dit is wel duidelik dat Nederlands – in beide NL-BE en NL-NL – steeds 'n voorkeur toon vir die gemerkte vorm, terwyl AF toenemend wegbeweeg van die voorskriftelike gebruik van die deelsgenitiewe konstruksie.

#### 4. Slotsom

In hierdie artikel het ons eksemplaries ondersoek ingestel na die moontlike konstruksievariasie wat te bespeur is in die deelsgenitiefkonstruksie in Afrikaans (AF), Nederlands-Nederlands (NL-NL) en Belgies-Nederlands (NL-

BE). Om hierdie konstruksie te ondersoek, het ons spesifiek na die [iets] [ADJ-s]-konstruksie in dié drie tale gekyk, aangesien hierdie voornaamwoord in al drie tale se deelsgenitiefkonstruksie die frekwentste voorkom.

Ons bevindings toon dat daar beduidende variasie in die gebruik van die [iets][ADJ-s]-konstruksie tussen AF, NL-NL en NL-BE voorkom, beide in terme van frekwensie en voorkeur vir die gemerkte of ongemerkte vorm. Verder blyk dit dat die keuse tussen die gemerkte en ongemerkte vorm beïnvloed word deur spesifieke leksikale en fonologiese faktore, met sommige adjektiewe wat deurgaans een variant verkies.

Die vergelykende analise tussen AF en NL-BE toon sowel ooreenkomste as verskille, veral in terme van individuele adjektiewe se voorkeur vir die gemerkte of ongemerkte variant. Terwyl sekere adjektiewe soos *nuut/nieuw*, *soortgelyk/soortgelijk* en *dergelik/dergelijk* in beide tale die gemerkte vorm verkies, verkies ander, soos *goed*, verskillende variante in die onderskeie tale. Hierdie variasie dui moontlik op verskille in konstruksiekontaminasie, aangesien vormlik soortgelyke konstruksies mekaar beïnvloed, en is waarskynlik die resultaat van die kognitiewe proses van analogisering. In konstruksiegrammatikaterme dui dit op 'n voortgaande proses van konstruksionalisering. Die weglating van die genitiewe *-s* kan in hierdie verband gesien word as 'n voorbeeld van postkonstruksionalisering, waarin 'n vroeëre verandering in die genitiefkonstruksie uitgebrei word na die deelsgenitiefkonstruksie.

'n Interessante nuwe bevinding is die invloed van Engelse leenwoorde op die voorkeur vir die ongemerkte variant in NL-BE. Adjektiewe soos *sexy*, *kinky* en *live* toon 'n sterk voorkeur vir die ongemerkte vorm, moontlik as gevolg van fonologiese beperkings op die byvoeging van die *-s*-morfeem. Hierdie aspek van variasie is voorheen nie in soortgelyke studies oor Nederlands waargeneem nie. 'n Verdere multifaktorondersoek in die trant van Pijpops en Van de Velde (2018) sou waardevol wees om die interaksie van leksikale, fonologiese en morfosintaktiese faktore sistematies te bepaal, maar behoort ook addisioneel faktore soos taalkontak (veral met Engels) en moontlik register- of genrespesifieke gebruikspatrone in ag te neem. Saam met 'n volledige korpusondersoek van die Afrikaanse en Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie sal dit help om die presiese aard, omvang en moontlike verklarings vir hierdie konstruksieverandering vas te stel.

*Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika  
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika  
Universiteit Gent, België*

## Bronnelys

- Booij, G. 2010. *Construction morphology*. Oxford: Oxford University Press.
- Börjars, K., Vincent, N. en Walkden, G. 2015. On constructing a theory of grammatical change. *Transactions of the Philological Society* 113(3): 363-382.
- Broekhuis, H. 2013. *Syntax of Dutch: Adjectives and adjective phrases*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Carstens, W.A.M. 2003. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 4de uitgawe*. Pretoria: Van Schaik.
- Centre for Text Technology (CTeXt). 2023. NWU Kommentaarkorpus 2.2. Potchefstroom: Sketch Engine.
- Geerts, G., Haeseryn, W.J.M., Romijn, K., De Rooij, J.J. en Van den Toorn, M.C. 1997. *Algemene Nederlandse Spraakkunst*. Groningen: Marthinus Nijhoff.
- Goldberg, A.E. 2019. *Explain me this: Creativity, competition, and the partial productivity of constructions*. Princeton: Princeton University Press.
- Gries, S. 2022. *Coll.analysis 4.0. A script for R to compute perform collostructional analyses*. <<https://www.stgries.info/teaching/groningen/index.html>>.
- Gries, S. en Stefanowitsch, A. 2004. Extending collostructional analysis: A corpus-based perspective on 'alternations'. *International Journal of Corpus Linguistics* 9(1): 97-129.
- Grondelaers, S., Deygers, K., Aken, H., Van den Heede, V. en Speelman, D. 2000. Het CONDIV-corpus geschreven Nederlands. *Nederlandse Taalkunde* 5(4): 356-363.
- Hoekstra, E. 2015. The partitive adjective construction. Taalportaal. <https://taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic-13998813337783293>. (Datum van gebruik: 15 Augustus 2024).
- Kilgarriff, A., Baisa, V., Bušta, J., Jakubiček, M., Kovář, V., Michelfeit, J., Rychlý, P. en Suchomel, V. 2014. The Sketch Engine: Ten years on. *Lexicography* 1(1): 7-36.
- Kotzé, E. en Breed, A. 2020. Partitive adjective construction. Taalportaal. <https://taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic-13998813333101800>. (Datum van gebruik: 1 Augustus 2024).
- Levshina, N. 2015. *How to do linguistics with R: Data exploration and statistical analysis*. Amsterdam: John Benjamins.
- Noël, D. en Coleman, T. 2021. Diachronic construction grammar. In: Xu, W. en Taylor, J.R. (reds.). *The Routledge handbook of cognitive linguistics*. New York: Routledge.

- Oostdijk, N., Reynaert, M., Hoste, V. en Van den Heuvel, H. 2013. SoNaR User Documentation. [https://taalmaterialen.ivdnt.org/wp-content/uploads/documentatie/sonar\\_documentatie.pdf](https://taalmaterialen.ivdnt.org/wp-content/uploads/documentatie/sonar_documentatie.pdf). (Datum van gebruik: 1 Augustus 2024).
- Pijpops, D. en Van de Velde, F. 2016. Constructional contamination: How does it work and how do we measure it? *Folia Linguistica* 50(2): 543-581.
- Pijpops, D. en Van de Velde, F. 2018. A multivariate analysis of the partitive genitive in Dutch: Bringing quantitative data into a theoretical discussion. *Corpus Linguistics and Linguistic Theory* 14(1): 99-131.
- Pistor, S. en Müller, D. 2003. *Skryf Afrikaans van A tot Z: Die essensiële gids vir taalgebruikers*. Kaapstad: Pharos.
- Scott, A.K. 2014. *The genitive case in Dutch and German: A study of morphosyntactic change in codified languages*. Leiden: Brill.
- Traugott, E.C. en Trousdale, G. 2013. *Constructionalization and constructional changes*. Oxford: Oxford University Press.
- Traugott, E.C. 2021. Language change. Online course. Abralin EAD. <https://ead.abralin.org/course/view.php?id=20>. (Datum van gebruik: 12 September 2024).
- Traugott, E.C. 2022. *Ten lectures on a diachronic constructionalist approach to discourse structuring markers*. Leiden: Brill.
- Van Huyssteen, G.B. 2024. The morphology of Afrikaans: A constructionist approach. In: Carstens, W.A.M. en Bosman, N. (reds.). *Afrikaans linguistics: Contemporary perspectives*. Stellenbosch: African Sun Media.
- Van Noord, G., Bouma, G., Van Eynde, F., De Kok, D., Van der Linde, J., Schuurman, I., Tjong Kim Sang, E. en Vandeghinste, V. 2013. Large scale syntactic annotation of written Dutch: Lassy. In: Spyns, P. en Odijk, J. (reds.). *Essential speech and language technology for Dutch*. Heidelberg: Springer.
- Van Schoor, J.L. 1983. *Die grammatika van Standaard-Afrikaans*. Kaapstad: Lex Patria.

## Bylaag

DACT-soektogte ('queries') gebruik vir die samestelling van die Nederlandse datastel:

- Soektog 1 ('Query 1'):

```
//node[@cat="np" and node[@rel="hd" and (@lemma="iets") and number(@begin) < ../node[@rel="mod" and @pt="adj"]/number(@begin)] and node[@
```

rel="mod" and @pt="adj"]]

- Soektog 2 ('Query 2'):

```
//node[@cat and node[(@rel="obj1" or @rel="su") and @pt="vnw" and @  
lemma="iets" and number(@end) = ../node[@rel="mod" and @pt="adj"]/  
number(@begin)] and node[@rel="mod" and @pt="adj"]]
```

## Note

1. Sommige bronne verwys ook na hierdie konstruksie as die 'partitiewe genitief' (sien Carstens, 2003: 140; Pijpops en Van de Velde, 2016, 2018), 'partitiewe adjektief' (sien onder meer Hoekstra, 2015; Kotzé en Breed, 2020) of die 'partitiewe konstruksie' (Scott, 2014: 204).
2. Die Afrikaanse ADV's *êrens* en *nêrens* kom ook in hierdie konstruksie voor, in teenstelling met *ergens* en *nergens* in Nederlands (\**ergens leuks*). In Nederlands is daar ook 'n aantal kwantifiserende naamwoordgroepe wat sporadies in die konstruksie voorkom, byvoorbeeld *een hoop ellendigs*, *een massa leuks*, maar soos Broekhuis (2013: 431) tereg opmerk, handhaaf sprekers verskillende oordele oor die aanvaarbaarheid van sulke voorbeelde. Die vorm van die konstruksie waarin 'n onbepaalde voornaamwoord voorkom, is egter die algemeenste.
3. SoNaR is 'n akroniem vir die volvorm 'STEVIN Nederlandstalig Referentiecensus'.
4. Voorts gebruik ons, waar sinvol, die volgende ISO-kodes: AF vir Afrikaans, NL-BE vir Belgies-Nederlands en NL-NL vir Nederlands-Nederlands.
5. Tensy anders vermeld, word alle Afrikaanse voorbeelde geneem uit die NWU-Kommentaarkorpus (NKK).
6. Hoewel die Afrikaanse en Nederlandse data nie dieselfde tydsinterval dek nie (die Afrikaanse data strek tot 2023, terwyl die Nederlandse gespreksforumdata tot 2009 beperk is), beskou ons dit nie as 'n ernstige beperking van die studie nie. Eerstens is die gekose Nederlandse korpus die mees omvangryke en toeganklike gespreksforumdata wat tans beskikbaar is, wat dit 'n gevestigde bron vir taalkundige navorsing maak. Tweedens is die veranderlikes wat in hierdie studie ondersoek word (byvoorbeeld die keuse tussen *iets* en *ietsie* of die Nederlandse ekwivalente) relatief stabiel oor tyd, sodat groot skuiwe in gebruiksfrekwensies oor 'n tydperk van 'n dekade of meer onwaarskynlik is. Die vergelyking fokus dus eerder op strukturele tendense as op presiese sinchroniese gelyktydigheid. Nietemin word die tydsverskil erken, en toekomstige studies kan baat vind by die gebruik van resenter Nederlandse data.
7. Ons bedank Gauthier Delaby (Universiteit Gent) vir sy hulp met die formulering van die soektogte.
8. Die twee soektogte sluit naas *iets* ook die Belgiese niestandaardvorm *iet* in.
9. Die afkorting *mss* word in informele Nederlands dikwels as verkorte vorm van *misschien* gebruik.

10. Alle korpusvoorbeelde is ongewysig oorgeneem, inklusief spellingafwykings, en so meer.
11. † Relatiewe frekwensie ten opsigte van voorkoms van die voornaamwoord.
12. Die  $\chi^2$ -toets vir onafhanklikheid is 'n nieparametriese toets wat berus op die vergelyking tussen waargenome en verwagte frekwensies (Levshina, 2015: 210-212). 'n Statisties beduidende verskil ( $p < 0.05$ ) in die gebruiksfrekwensie van *iets* en *ietsie* dui daarop dat die twee vorme se gebruik wesenlik van mekaar verskil en dus as onafhanklik van mekaar beskou kan word. Indien die verskil nie statisties beduidend is nie ( $p > 0.05$ ), beteken dit dat daar geen wesenlike verskil in gebruik is nie, en dat die vorme nie onafhanklik van mekaar is nie. In so 'n geval kan *iets* en *ietsie* saam geanaliseer word.